**AGRIBEL BEHEREND BEPERK**
Registrasienommer: 1996/017629/06
("**Maatskappy**")

**RESULTATE VAN SKRIPDIVIDEND EN TERUGKOOPAANBOD**

Aandeelhouers word verwys na die aankondiging wat op 6 Julie 2022 gemaak is en die daaropvolgende omsendbrief gedateer 15 Julie 2022 ingevolge waarvan aandeelhouers kennis ontvang het rakende die aanbod om gewone aandele in die Maatskappy (Skripdividend) te ontvang in plaas van die kontantuitkering van 46 sent per aandeel vir die periode geëindig 30 April 2022 (dividend no. 44 en 45) (Kontantdividend). Die omsendbrief het ook 'n aanbod bevat om aandele van aandeelhouers terug te koop teen R7,00 per aandeel.

Die reg om aan die Skripdividend of die Terugkoopaanbod deel te neem, is bepaal met verwysing na 'n aandeelhouer se aandeelhouding in die Maatskappy op die rekorddatum, wat 8:00 op 24 Augustus 2022 (Rekorddatum) was.

Beide aanbiedinge het op15 Augustus 2022 gesluit.

**SKRIPDIVIDEND**

Soos vermeld in die aankondiging en die omsendbrief:

1. Die aantal aandele in die Maatskappy wat 'n aandeelhouer kon kies om in plaas van die Kontantdividend te ontvang, is bepaal met verwysing na die verhouding wat 1c (een sent) Kontantdividend dra tot die Skripdividendprys van R 7,00 (sewe rand) per aandeel.

2. Die reg om aan die Skripdividend deel te neem, was beperk tot 50% van die reg om die Kontantdividend te ontvang.

3. Aandeelhouers wat nie op die Skripdividendaanbod gereageer het nie, het die Kontantdividend in die normale verloop ontvang.

4. Die Raad het, as deel van die bepalings en voorwaardes van die Skripdividendaanbod, besluit om te bepaal dat breuke en fraksionele regte nie toegelaat sal word nie. Indien die toepassing van die verhouding hierbo na verwys aanleiding gegee het tot 'n fraksie van 'n aandeel, is die aantal aandele waarop 'n aandeelhouer geregtig was om te ontvang ingevolge die Skripdividend, afgerond tot die naaste heelgetal wat daartoe gelei het dat slegs 'volle' aandele toegeken is ingevolge die Skripdividend, met enige breukdele wat in kontant vereffen is.

Aandeelhouers wat in die register van die Maatskappy op die Rekorddatum geregistreer is en wat ongeveer 72 miljoen aandele hou, het gekies om die Skripdividend te ontvang. Gevolglik is 2 352 095 nuwe gewone aandele uitgereik is aan die aandeelhouers wat gekies het om die Skripdividend te ontvang, wat 'n 1,83% verhoging in die uitgereikte aandelekapitaal van die Maatskappy is, met 'n gepaardgaande kapitalisasie van die verdeelbare behoue winste van die Maatskappy van R 16 464 665,00.

Die balans van die bruto Kontantdividend, naamlik R42 527 566,00 (voor dividendbelasting) is uit die opgelope behoue winste van die Maatskappy aan aandeelhouers betaal op die Rekorddatum wat in die register van die Maatskappy geregistreer is en wat nie aan die Skripdividend deelgeneem het nie.

**TERUGKOOPAANBOD**

Die Terugkoopaanbod is ooreenkomstig die toepaslike bepalings daarvan geïmplementeer. 90 552 Agribel aandele teen 'n totale waarde van R634 550,00 (koste uitgesluit) is teruggekoop.

Die aanbod is derhalwe afgehandel en die Agribel Aandele word as tesourie-aandele gehou ooreenkomstig artikel 48 (2)(b) van die Maatskappywet, 2008.

Die raad het verder besluit om voort te gaan om Agribel aandele in die ope mark te koop teen R7.50 per Agribel aandeel *via* Agribel Capital, 'n 100% filiaal van Agribel. Die terugkoop sal voortgaan tot en met 'n totale bedrag van R2 miljoen se aandele gekoop is, of tot en met die Raad tot die teendeel besluit.

In opdrag van die Raad van Direkteure.

AE Scholtz
Maatskappysekretaris
Tel. nr. (076) 212 1776
Klerksdorp
1 September 2022